

Jaargang 2 Uitgawe 3
ink

R5

Woensdag 9 Maart 2016

‘Die krag om te skyn’

Amanda vier haar 60ste

Lees môre meer in Ink

FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



Local kos is
die lekkerste
Bl. 12



Ou pop
se rooi
maak mooi
Bl. 7



Hartsbriewe
roer ná jare
Bl. 14

Trotse borg en lid van die

WORDFEES - FAMILiE

MEDIA 24

Ons verryk lewens 24/7

" SY VANG DIE WOORDE
IN HAAR NET
SLYP HAAR WOORDE
TEEN DIE ROTS
SY BAK HAAR NOORDE
IN DIE VUUR
EN DIE NOORDEWIND KOM
EN HAAR WOORDE WAAI VER
HAAR WOORDE WORD SAAD
DIE SAAD WORD 'N STER "

- AMANDA STRYDOM,
BOORD VAN NOORDE

Elke woord is 'n meesterstuk.

Kom luister na die stroopsoet klanke en
bittermooi lirieke van onder andere
Amanda Strydom, Die Heuwels Fantasties,
Koos Kombuis en Francois van Coke.
Die 2016 Sanlam Musiekfees, 4-13 Maart.

www.sanlam.co.za/sponsorships



Sanlam
Welvaartmeesters

Universiteit Stellenbosch
Woordfees

in trotse samewerking met

Op die ou einde is almal maar stof en as



Stefan Erasmus en Jason Jacobs in toneel uit *As toe dit vroeër in Kaapstad opgevoer is*. Tydens die Woordfees word dit weer op 11 en 13 Maart in die Breughel-teater opgevoer. FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT

Dis 'n stuk wat jou tot in die grond toe ruk

As. Toneel. Die Breughel-Teater. 11 Maart om 20:30, 13 Maart om 15:00.

Amper twee jaar terug is die bruin gay man David Olyne, toe 22, in Ceres vermoor. Sy sonde? Hy was te vroulik, te "mof-fieagtig", daarom is hy deur 'n groep jong mans naby 'n dam aangeval. Hy is met doringdraad vasgemaak, met 'n stuk hout verkrag, herhaaldelik geskop, op gespoeg, geürineer en toe aan die brand gestee.

David is daar langs die dam gelos om deur die nag op sy eie dood te gaan, alleen, en is eers die volgende dag deur kinders gevind. Sy liggaam is later deur 'n vriendin uitgekien. Hy was so erg vermink dat sy hom slegs aan sy mooi klossie hare kon identifiseer.

Hierdie is die werklikheid van die plek waar ons woon en dié verskriklik ontstellende toneelstuk is 'n tipe huldeblyk aan die David Olyne van hierdie wye en droewe land. Die teks is by tye soos suiwer poësie en is deur Philip Rademeyer geskryf, wat ook die regie behartig het. Dit is woorde wat jou lelik wond, elke een is opgeweeg en met 'n skalpel fyn uitgesny om in die holtes van jou lyf in te pas.

Op die verhoog is daar 'n enkelbed, 'n kaal matras, seesand, en die geluid van klot-sende seewater en seemeue. Hoe onskuldig, maar onder die oppervlak skuil die dood.

Die akteurs Stefan Erasmus en Jason Jacobs vertolk ses

verskillende karakters en volgens die program "skets dit die verhaal van 'n jong man: sy kinderdae in die Boland, sy verhouding met sy ouers, sy mensword in Kaapstad, die opwinding van eerste liefde".

Die drama was die wenner (in Engels) van die Standard Bank Fringe Ovation-toekening by die Nasionale Kunstefees in 2015. Die toneelspel is van die heel, heel beste.

Twee jongmense het eendag op 'n trein ontmoet. Hulle het vir mekaar geloer en geflikflooi en die liefde het geblom. Hul bruin velle glad soos blink heuning, hul dae was somer, as hulle glimlag is daar 'n weerloosheid wat jou ontstem, wat jou wil breek.

Op 'n dag word een van hulle vermoor omdat hy nie by die samelewing se idee van manlikheid inpas nie. Die rouproses van die minnaar wat agterbly en die ouers is iets wat jou tot in die grond toe ruk. Dis asof God Sy voet oor jou sit, jou pap trap en sê: "Dè, dis wat ek van die mensdom dink. 'n Mislukte eksperiment."

Die pa onthou hoe hy sy kind as seuntjie eendag vir 'n roomys gevat het, die ma rol op die matras en wroeg van pyn. Sy liefing wat alleen moet voortlewe sal nooit weer dieselfde wees nie. 'n Leegheid kom rus op sy skouers.

Gaan kyk hierdie stuk. Dit sal jou insae gee in emosies wat jy nie beseft het jy ooit sal voel nie. En op die ou einde is ons almal maar stof en as.

– Herman Lategan



bly • hlala
happy • stay
ulonwabo

GRATIS PRET VIR DIE HELE GESIN!

9 MAART
GRATIS

15h30-18h00
PULP Cinema, Neelsie:
Kortfilm- vertonings
& -besprekings

13 MAART
GRATIS

15h00
Kortfilmvertonings, piekniekfasiliteite,
kosstalletjies
17h00
Interaksie en gratis lesse in: Origami,
hoelahoep, vlieërs maak, kletsrym
Pryse te wen!
(hoelahoepels, handgemaakte

skaatsplanke en vlieërs!)
19h30
Voorvertoning: Inzync kletsrym
20h00
Lofdigter: Malika Ndlovu
Aankondiging van top 5 inskrywings
Vuurseremonie (poi dansers,
lanterns en brand van die
vlerklappende feniks)

SPONSORED BY




NATIONAL LOTTERIES COMMISSION
LOTTO FUNDED

OTHER PARTNERS AND SPONSORS













Die Kaapse Filharmoniese Jeugorkes olv Brandon Phillips Saterdag by die Woordfees Pops. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Diskoers

‘Mense sal keuse maak by stembus’

Beste Professor-reeks. Daaglik om 12:00.

Daar is tans ’n breë pessimisme in Suid-Afrika en min voorbeelde van suksesvolle demokrasieë in Afrika. Maar is hierdie pessimisme geregverdig, wou prof. Andreas van Wyk, ’n voormalige rektor van die US, gister op die eerste dag van sy gespreksreeks weet.

Hy was in gesprek met Willie Breytenbach, afgetrede professor in politieke wetenskap, oor hoe goed Suid-Afrika – en Afrika vaar met demokrasie. Daar is vrae oor of die regering ernstig is oor demokrasie. Volgens Breytenbach is die regstaat – waar die grondwet soewerein is – meestal op Suid-Afrika van toepassing. Hy is hoopvol dat Suid-Afrika nie afstuur op ’n burgeroorlog, soos uit sekere oorde gevrees word nie.

Die moontlikheid van ’n “Arab Spring” in Suid-Afrika is amper nul, het Breytenbach bygevoeg.

“Tunisië was ’n outoritêre staat; ons [Suid-Afrika] het te veel uitlaatkleppe – ons verandering gaan kom by die stembusse.”

Hy het ook vroeër na hierdie ingeboude uitlaatkleppe, of weerligafleiers, verwys na aanleiding van ’n vraag oor of die gesprekke “om die braaivleisvure” noodwendig ’n slegte ding is. “Is dit nie maar tog ’n aanduiding van ’n bewuste, hoewel verdeelde samelewing nie?” wou hy weet.

Breytenbach het benadruk die uitlaatkleppe sluit in die mees vrye pers in Afrika, godsdienstige verdraagsaamheid, meer verteenwoordigende middelklas en ’n goed georganiseerde burgerlike samelewing, waarvan die Treatment Action Campaign as sterk voorbeeld staan. SA se onderskeie waghondorganisasies is goed vir demokrasie, het hy gesê, en die openbare beskermmer uitgesonder.

– Jo-Ann Floris

‘Werkers kan sonder leiers’

Diskoers

Vakbonde en die dekade vorentoe. Frederik van Zyl Slabbert-gesprekreeks. Die Kyaha. Die gesprek was Maandag.

Die vakbondwese – spesifiek Cosatu – betaal steeds ’n dure prys vir hul noue verbintenis met die regerende ANC-party. En dis ’n fout wat nooit weer herhaal mag word nie, het Zwelinzima Vavi, voormalige hoofsekretaris van Cosatu, Maandagaand gesê. Hy was saam met Flip Buys van Solidariteit en gesoute joernalis Jan de Lange op die paneel oor vakbonde en die pad vorentoe.

Dit was ’n vraag van die gespreksleier, Henry Jeffreys, oor Cosatu se aandeel om voormalige president Thabo Mbeki uit die kussings te lig in Polokwane in 2012, wat Vavi op ’n hernude pad van belydenis geneem het.

“Ek het vir Suid-Afrika om verskoning gevra vir daardie fout; dat

ons dit so verkeerd gekry het. Ons was kwaad, so ons het enigiemand wat gewillig was om hom teen te staan, ondersteun. En ja, ons betaal nog steeds die prys.”

“Moet nooit vriende maak met mense wat met die vyand baklei sonder om te vra waarom die bakleiry gaan nie,” het hy gewaarsku.

Uit dié ondervinding beywer Vavi hom nou om ’n alternatiewe vakbondbeweging te skep – onafhanklik van enige politieke affiliasie. En as hy sy sin kry, sal die beweging teen Werkersdag vanjaar reeds staan. “Ons kan nooit weer ’n situasie hê waar ’n werkersorganisasie gemanipuleer of onder druk geplaas kan word deur ’n politieke party nie.”

Buys het gesê hy stem saam dat vakbonde moet los staan van politieke invloede, en voorbrand gemaak dat die organisasie baie meer opleidingsgerig moet wees.

“Daar is nie ’n hysbak na bo nie, eerder ’n leer waar jy werkers kan oplei en ontwikkel sodat hulle hulself na ’n volgende vlak kan lig.”

Sy opmerking het die gesprek teruggebring na die toekoms van

vakbonde, en of hulle enigsins volhoubaar is.

“Daar is die groot politieke, ekonomiese en tegnologiese faktore wat inwerk, maar dit help nie om te fokus op dinge buite jou beheer nie – ons kan net werkers bemagtig en oplei om die uitdagings die hoof te bied.”

Tensy vakbonde hul mandaat – om namens werkers te beding en hulle te beskerm teen uitbuiting deur werkgewers – uitvoer, skiet hulle hulself in die voet, het Vavi gewaarsku.

“Vakbonde is tans op hul swakste en mees gefragmenteerde – ons het 185 unies wat geregistreer is by die departement van arbeid, en 300 wat nie geregistreer is nie. Meer unies beteken hul stem word verswak, so ook hul vermoë om enige beduidende invloed te hê op sosiale of politiese vlak.”

Het AfriForum as die “odd man out” enige raakpunte met die ander vakbonde, wou Jeffreys weet.

Baie beslis, volgens Buys.

“Daar is die veldtogte teen korrupsie, swak regering. Ons het ideologiese verskille ja, maar dit is

nie ’n haakplek nie. So glo ons die vryemarkstelsel is al manier om mense uit armoede te hef.”

De Lange het gesê wat die middelklas nie altyd verstaan nie, is dat vakbonde ’n diensorganisasie is. Wat ernstig verkeerdeggaan het by Marikana, kan eenvoudig opgesom word – die versuim van die vakbond om die werkers se looneise aan Lonmin oor te dra.

Hy het gewaarsku dat vakbonde vinnig hul voete moet vind om vir werkers te praat, of hulle kan begin deure toemaak.

“Ons moet minder bekommerd wees oor die stakings, en eerder dink oor die redes vir die stakings.”

Marikana het die spelreëls vir altyd verander, het die paneel saamgestem. “Vir die eerste keer het werkers gewys hulle kan op hul eie organiseer en protesteer, sonder hul leiers. Dieselfde het gebeur in De Doorns, toe die plaaswerkers hul stemme laat hoor het. Cosatu was glad nie hierop voorberei nie.” – Jo-Ann Floris



is BLY om deel van die Woordfees te wees!

- 1. Kryt, koffie en koek: Kleur Stellenbosch in saam met Tanya O’Connor
4 Maart 15:00 | Batavia Boutique Hotel
- 2. Christine Barkhuizen le Roux: Skynskadu
5 Maart 14:30 | Laer as laag
- 3. Kosdemo: Brekfis met Derrick en Adelle
7 Maart 09:00 | Die Khaya
- 4. Randall Wicomb: Kleur – my lewe, my lied
8 Maart 15:30 Boektent
- 5. Willie Esterhuyse - Geagte Jahwe
11 Maart 15:30 Boeketent



US WOORDFEES 2016 - BLY

Sien jou daar!

Van 'closet-case' bakker-mans tot koeksisters

Dit was alles behalwe brouwerk gister by die Koekedoor-kosdemonstrasie by die Khaya. Van ons bekendste TV-baksters, Mareli Visser, Gerda Swanepoel en Martjie Malan, het aanhangers met hul kwinkslae en fyngebak vermaak. **Lynné Schoeman** was daar.

• Voor die tyd sê 'n tannie vir haar man: "Daarsy Pa, koop jy nou maar vir jou die koerant, dan wag jy hier buite. Koekedoor sal oor 'n uur klaar wees."

• "Met dié dat dit vandag Internasionale Vrouedag is, is dit lekker om al die koeke en terte so bymekaar te hê." – **Errieda du Toit**

• "Daar is deesdae so baie 'closet case' bakker-mans wat na my toe kom. Of die vrou sal sê: 'Weet jy, ek bak glad nie, maar my mán!'" – **Mareli Visser**

• "Om te bak is om te gee – en daarmee kan jy sê 'ek is jammer' of 'ek is lief vir jou'". – **Martjie Malan**

• Mareli Visser: "Baie mense kom na my toe en vra of ek die koeksistertannie is. Dan sê ek nee, dis Gerda – ek is nie 'n tannie nie." Gerda Swanepoel: "Ja, in Ermelo noem hulle my Tannie Koeksister. Ek is maar bly ek het nie die vetkoek-kompetisie gewen nie..."



Mareli Visser kyk gisteroggend hoe haar mede-Koekedoor Gerda Swanepoel die fynere kunsies van bakwerk tydens die kosdemonstrasie by die Khaya verduidelik. FOTO: NATALIE GABRIELS



LINKS: Gina Vorster van Pretoria poseer saam met Mareli Visser van Koekedoor-faam by die boek wat Mareli pas geteken het. REGS: Johanna Viljoen van Bronkhorstspuit in Gauteng is Gerda se niggie. Sy het ook haar Koekedoor Bak-kopie deur Mareli laat teken. FOTO'S: LYNNÉ SCHOEMAN



ink

Redaksie

Redakteur
Jacquette Kloppers
(jacquettekloppers@gmail.com)

Uitgewer
Hannelie Cronjé

Uitleg en produksie
Johnn-Grant Munro
Heléne Booyens

Teksredakteurs
Susan Booyens
Marchelle van Zyl

Fotograwe
Nardus Engelbrecht
Natalie Gabriels

Skrywers
Mila de Villiers
Jo-Ann Floris
Marina Griebenow
Herman Lategan
Wayne Muller
Ilza Roggeband
Lynné Schoeman
Jo Prins

Assistent
Marietjie Booyens

Dankie aan Jan en Pippa Louw en Humarga vir tegniese dienste, ondersteuning en infrastruktuur.

Vir enige navrae skakel die feeskantoor by
021 886 5036 of besoek
www.woordfees.co.za

Woordfees-kantoor
Adres: Erfurthuis, Ryneveldstraat 37, Stellenbosch.
Navrae: Bel die feeskantoor by 021 886 5036 of besoek **www.woordfees.co.za**.

Besoek die Woordfees se Facebook-blad by <https://www.facebook.com/woordfees/>

Ink op die internet

'n Elektroniese weergawe van Ink is ná 13:00 beskikbaar op Netwerk24. Besoek die skakel <http://www.netwerk24.com/za/eikestadnuus> om Ink aanlyn te lees.

NETWERK 24
AL DIE NUUS, ALTYD BYDERHAND
www.netwerk24.com

Eikestad
NUUS NET VIR JOU

BLY



Kortverhale
US Woordfees 2016

DIE BYBEL IN JOU TAAL



www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika

Die Bybel: 'n Direkte Vertaling

Matteus 27:27

Toe het die soldate van die prokurator¹ vir Jesus na die pretorium^m saamgeneem, en die hele kohort soldateⁿ by Hom byeengebring.

¹ **prokurator**: Amptenaar wat namens die keiser in beheer was oor 'n Romeinse provinsie; •Romeinse ampsdraers
^m **pretorium**: Die •bronteks lui *paitorion*. Hier verwys dit na die vesting Antonia, waar die soldate gestasioneer was en die prokurator gedurende feestye tuisgegaan het.

ⁿ **kohort soldate**: 'n Afdeling Romeinse soldate, wat uit 200 tot 1 000, maar gewoonlik 600 man, bestaan het; •Militêre terme.

SÊ **JOU** SÊ BY:
www.bybeldirektevertaling.co.za

Toneel

Lewensverhaal kry vlerke



Richard September Sondag op die verhoog in sy eenmanvertoning Rooivalk. September, wat verskeie pryse vir sy spel in Rondomskrik gewen het, is nog op 12 Maart om 09:30 by die Breughel-teater in Rooivalk te sien. FOTO: NATALIE GABRIELS

Botha en Olwage span weer kragte saam

Nagmerrie verdien elke prys

Resensie

Son. Maan. Sterre. Drama. KykNET Hoërskool Stellenbosch. Vandag om 11:00. 10 Maart om 21:00. 13 Maart om 10:00.

Moenie dat *Son. Maan. Sterre* se titel jou om die bos lei nie. Dit het redelik min te doen met die uitspanel en flonkerende sterre; heelwat meer met die boosheid van die ondermaanse.

Alice Birch, 'n jong Britse dramaturg in haar laat twintigs, het reeds in 2011 met dié debuutwerk – *Many Moons* – só aandag getrek en pryse ingepalm dat haar werk nou al in sommige van die bekendste teaters in Londen opgevoer is, waaronder die National Theatre. Nou het die toneelstuk ook hier in Suid-Afrika omtrent al wat 'n prys is verower nadat dit opgevoer is met 'n uitsoek-rolverdeling.

Saartjie Botha en Christiaan Olwage is al lank stalperde. Botha vertaal die tekste en Olwage behartig die regie en ontwerp. Hulle het juis onlangs groot sukses behaal met 'n waarlik unieke weergawe van *Die Seemeeu* van die Russiese dramaturg Anton Tsjechov.

Inhoudelik en struktuurgewys is *Son. Maan. Sterre* nie rewolusionêr nie. Dit bestaan uit vyf karakters van wie vier

hul verhaale weergee by wyse van monoloë en al die aksie vind plaas op 'n spesifieke dag – Saterdag, 18 Februarie.

Nooit praat hulle met mekaar nie en dus kom dit aanvanklik voor asof daar nie 'n verbintenis tussen hulle is nie. Die enigste gemene deler is aanvanklik 'n skreiende eensaamheid. Mettertyd – soos die veterbandjie van 'n bloes wat stadig van 'n skouer afgeskuif word – word die band tussen hulle bekend. Wat hierdie drama van soortgelyke werke onderskei, is die presisie waarmee Birch elke karakter en die verhaallyn oor die verloop van 'n uur laag vir laag tegelykertyd opbou en blootlê. Dis meesterlik. En dan, selfs wanneer die gegewe aan jou bekend is, is die onafwendbare klimaks grusaam en afskuwelik.

Oliver oftewel Ollie, onverbeterlik vertolk deur Wilhelm van der Walt, is 'n sosiaal wanaangepaste jong astrofisikus wat pas sy doktorsgraad by Oxford opgeskop het. Hy wen die gehoor se simpatie met sy onbeholpenheid en vang ook die oog van sy buurvrou, Bubbles Bothma (fyn geteken deur Greta Pietersen), só genoem na 'n karakter in *Die Benederyk* van Ingrid Winterbach (een van verskeie verwysings na dié boek). Bubbles verjaardag, maar het niemand om dit saam met haar te vier nie. Tog hou sy aan om te glo dat mense inherent goed is. Megan (Tinarie van Wyk Loots op haar geskakeerde beste)

is 'n swanger vrou met 'n skerp tong. Haar eerste kind se dood het haar nog meer verbitterd en eensaam gelaat. Sy bestee ure op sosialemedia-platforms, waar sy verskillende profiele gebruik om gal te braak, veral oor kindermolesteerders.

Robert Eksteen (Louis van Niekerk se sonore stem en fier houding is nommerpas) en sy vrou, June (Lida Botha se gesig- en lyftaal sê alles), woon in dieselfde straat as Megan. June ly aan gevorderde Parkinson se siekte en Robert versorg haar met behulp van die verpleegster Holly. Die eerste wolk op die horison is 'n tersluikse onthulling deur Robert dat hy 'n veroordeelde pedofiel is en juis op pad is na sy hulpgroep wat hy spottenderwys "Hug a Paedophile" noem. Wat volg is 'n vernietigende storm waaraan nie een van die karakters ongeskonde ontkom nie.

Olwage se stelinkleding speel hier 'n belangrike rol. Die stuk is aanvanklik heeltemal staties, met die vyf karakters wat in 'n ry voor 'n toe gordyn op stoele sit (June in 'n rolstoel langs haar man). Soos die storielyn ontvou

en die verbintenis tussen hulle duideliker word, beweeg hulle ook al hoe meer heen en weer oor die voorverhoog, van onder belig deur twee rye buisligte wat ook om die beurt flikker of staties bly. Wolf Britz se beligtingsontwerp onderlê knap Olwage se visie vir die drama. Uiteindelik gaan die gordyn oop en sien jy die toneel wat die onafwendbaarheid van die einde by jou tuisbring. Die verhoog is vol vrolike, veelkleurige ballonne en in die middel verrys 'n opblaashaas wat uiteindelik met 'n grynsag oor almal en alles uittoring.

Ironies genoeg volg die dramaturg dieselfde patroon met jou as gehoorlid as 'n kindermolesteerder met sy of haar slagoffer. Jy word gesjarmeerd en gepaai met onskuldige feite en inligting. Daar is gevaartekens, maar jy wil hulle nie sien nie. Sy vat 'n bietjie hier en tas dan weer 'n bietjie daar. Skielik besef jy daar is fout, maar dan is dit heeltemal te laat en is jy vasgevang op 'n emosionele wipwaentjeriet wat die karnaval in 'n nagmerrie laat ontfaar.

Son. Maan. Sterre is teater op sy allerbeste. Maklik is dit nie, maar Olwage en sy span spelers en tegnici verdien elke prys wat na hul kant toe kom. En behoede ons dat enige kind dié benederyk moet beleef. – Marina Griebenow

Maatjies kuier in Blommeland

Liewe Heksie: Flower Power – 'n amperse pantomime is nog te sien op 12 Maart om 09:00 en 12:00, en 13 Maart om 11:00 in die Stellenbosse Stadsaal.



Liebe van Schalkwyk (8) van die Strand: "Liewe Heksie was my gunstelingkarakter. Ek het regtig gehoop sy kry haar roos terug."




Dirk Guelpa (10) van Stellenbosch: "Ek het gehou van toe ons gedans het. Ek het vir Heksie geskree dat die Geel Heks die Silwer Roos gesteel het, en sy het my definitief gehoor."



Nica Hanekom (10) van die Strand: "Dit was lekker toe ons die haka geleer het, want ek hou van dans. Ek wou vir Heksie sê sy moet wakker bly toe hulle die blom wou steel."



Simon Guelpa (9) van Stellenbosch: "Ek het baie van Liewe Heksie gehou. Ek het ook vir haar gesê van die Geel Heks, maar ek weet nie of sy my gehoor het nie."



‘Kén jy vir Tannie Koeks?’

Marinda du Toit is lief vir die uitskot. Sy maak beelde van ander mense se weggooigoed. Haar werk is soms onverwags en ongemaklik. Die gesiggie van ’n afkoppop met weggooibene en ’n afvallyfie kyk deur jou en laat jou na jouself kyk. Sommige figure laat jou ongemaklik voel en soms hartseer, ander kere is hulle komieklik. Maar meestal laat dit jou kwesbaar. **Marchelle van Zyl** het by dié kunstenaar en beeldhouer op haar stoep gaan kuier.

‘H’et jy al ’n Marinda du Toit?’ vra mense soms. As jy ’n belegging wil koop, neem ’n polis uit,” spot Marinda du Toit met haar werk. Vir haar gaan dit oor die konneksie met die kyker.

“Dis baie cool as mense dadelik met ’n beeldjie connect”

Marinda gebruik dele van ou poppe, skroot en huishoudelike items om beelde te maak. Elke item is uniek, dus is elke beeld uniek. Maar wat is dit wat tot mense spreek?

“Dis definitief ’n herkenning van die karakter. Hulle identifiseer met die mood, of daai narratief wat hulle sien, kan hulle herken en mee assosieer. Ek het ’n beeldjie gemaak wat in Rosendal in ’n galery gehang het. En ek het iewers iets van ’n koekiedrukker gebruik en die een beentjie was langer as die ander, en ek noem dit toe sommers *Tannie Koeks*. En daar kom hierdie wildvreemde Breeëpubliek in die galery in en sy kyk dit so en vra my verbaas: ‘Kén jy vir Tannie Koeks?’ Nee, sê ek. Nee, sê die vrou, hulle ken ’n Tannie Koeks en sy loop kruppel. Haar een been is korter as die ander en dit lyk soos hulle Tannie Koeks. Toe koop hulle dit. Ek was mal oor daai.”

Op die stoep hang een van haar beelde. Die figuur is gemaak van verskillende dele skrootyst, maar die kykende gesig van ’n spoedmeter. Binne op die tafel is ’n beeld met verfkwaaste vir arms.

Ander mense se weggooigoed kry nóg ’n kans op lewe in Marinda se hande.

“Ek het altyd maar goedjies opgetel en gehou. Ek het met herwinning grootgeword. Voor dit trendy geword het. Dis net hoe ons geleef het.

Marinda het in die 80’s skoolgehou by ’n skool vir gestremdes en het met kinders gewerk wat nie “fisiek perfek” in die oë van die breë gemeenskap is nie. Met haar



Marinda du Toit maak haar beelde uit oorskot en weggooigoed. FOTO: MARCHELLE VAN ZYL

beelde gooi sy sosiale persepsies oor die perfeksie van die liggaam by die deur uit deur “saamgestelde” liggame uit ander mense se weggooigoed te skep.

“Posture wat snaakse lyfvormpies het, en vet boudjies en heupe, en lank en maer of kort en dik, ek wil juis net hê almal moet aanvaar word soos hulle is. Eintlik. Seker. Ek dink nie te veel oor die goed nie, dit kom maar net uit.

“Nee, kyk. Ek is ’n outsider artist. Ek is maar net ’n weird kindjie en maak prentjies. Dit maak my happy,” sê Marinda.

Ons sit op die nuwe stoep in haar lieflike huisie in Pniël. Ons kyk uit oor die Franschhoek-berge. Hier loer die inspirasie blatant oor die onderdeur.

“Die beeldjies is eintlik ’n ekstensie van myself. Ek gaan nie ’n beeldjie maak wat nie iets sê wat uit my uit kom of ekself kan eien nie. Ek is lief vir die uitskot. Ek wil altyd die uitskot of die freak of die outsider ’n kans gee of erkenning gee.”

Die skroot is dalk ’n uiting van haar opgaringsstreep en onderbewuste, maar dit is ook deel van

haar herinneringe aan die plaas waar sy grootgeword het.

Sy en haar pa het saam op die plaas rondgeleef en spykers en toutjies opgetel, opgerol en weer gebruik. Sy het steeds een van sy toutjies in haar beursie.

Sy het die beelde begin maak nadat sy skroot van scrapyards begin aandra het.

“Toe een dag, lê my skroot so, ek het op my stoep geloop en toe sien ek ’n gesig in die skroot en toe pak ek daai (eerste) mannetjie uit.” En toe begin sy met haar beeldhouwerk.

“Die beeldjies het tot my gespreek. En omdat ek so lief was vir performance art, die narratief van storievertel en uit act, kon ek dit toe in ’n karaktertjie sê met postuur en ’n uitrusting of ’n vrot armpie of ’n skewe koppie. Ek kon ’n storie vertel in ’n karakter. Ek kon eintlik net aangaan met my performance karakters.

“Die feit dat ek nog kan perform deur my karaktertjies. En my liefde vir Afrikaans. My titels is gewoonlik in Afrikaans. Humor is vir my superbelangrik. Daar is altyd iets snaaks ook. Weet nie of dit satiries is nie?”

“My coping meganism was nog altyd om te perform en grappies te maak. En ek kan dit met beelde ook doen. En mense kan self assosieer of lees of herken daarin of eienskappe raaksien wat hulle wil.”

As kunstenaar het sy en Diek Grobler ook al ’n lang pad saam gestap, wat begin het met performance art. “Dit was van my lekkerste tye ooit. Performance art was vir my my healing. Met performance art speel jy iets in jou onderbewussyn uit. ’n Issuetjie waarmee jy moet deal.”

Later het hulle haar beelde en “poppies” in animasiefilms gebruik. Marinda het die musiek vir die films gekomponeer. Saam het hulle talle pryse ingepalm vir hul werk.

Ons sit op Marinda se stoep en eet tuisgemaakte mosbrood wat haar buurvrou gebak het, met kase, koue vleis en wyn. Marinda vertel ons van die soms uitdagende pad wat sy moes, en steeds stap. Ons huil soos ons lag vir haar stories. Hier is nie plek vir selfbejammering aan dié tafel nie.

“Ek is op die beste plek wat ek nog ooit was.” Ons lig ons glase en kyk na die mooi berge. Dit raak stil om die tafel.

“Ken jy vir Tannie Koeks?” breek Marinda die stilte en ons lag dat die trane loop.

Een van die baie laaie met “liggaamsdele” wat Marinda in haar studio het. FOTO: MARCHELLE VAN ZYL



UITSTALLING
Marinda se werk was te sien as deel van Alex Hamilton se Opskiet by die museum. Van haar werk is ook te sien op die boonste vlak van die US Kuns-museum.

Kuns en kultuur

‘Bly getrou aan stem binne jou’

Hierdie plek. Sanlam musiekfees. Laer as Laag. Vanaand om 18:00.

As betrokkenheid by feesproduksies jou brood en botter is, dan beter jy wêrk. En min kunstenaars werk vanjaar harder as Grethe van der Merwe.

Sy sit so te sê elke moontlike kunste-hoed op by vanjaar se fees en het ’n rol te speel by vyf verskillende produksies.

Grethe het die musiek geskryf vir *Hensop!*; sy speel klavier in *Moeder moed*; sy is die produksiebestuurder vir *Kô lat ons sing*; sy speel in ’n splinternuwe band met die naam All Buttons In, en dan is daar haar eie vertoning, *Hierdie plek*, met liedjies wat sy self geskryf het.

Die Woordfees is dus nie ’n rustige terugsit-ervaring nie. Wel, nie vir haar nie.

Maar sy gee nie om om rond te hol nie.

“Die Woordfees is beslis een van my gunsteling-feeste, maar dalk omdat dit my huis is. Jy ken almal en raak deel van die organisasie en hype maande voor die tyd reeds. Die programsamestelling is ook van besondere gehalte.”

Grethe het in 2006 ’n BMus-graad aan die Universiteit Stellenbosch voltooi en haarself daarna in die dramawêreld bevind. Maar tog het sy nie aanvanklik gedink ’n liefde vir musiek en drama is iets wat sy sal kombineer nie.

“Albei was van kleins af ’n groot passie, maar musiek was altyd die



Grethe van der Merwe

voorbok. Drama was meer die ruimte waar ek my ooraktiewe verbeelding in kon uitleef. Dit is beslis nie ’n pad wat ek vir myself gekies het nie, dit het meer per toeval gebeur. Een deur het toegegaan en ’n ander oop.”

Ná haar musiekgraad en ’n besering het sy by die dramadepartement ingeskryf. En wat veronderstel was om ’n jaar

honneurs te wees, word toe ’n meestersgraad in kabaret. Later het sy hier ook ’n dosent geword, ’n werk wat sy intussen verruil het om haar eie loopbaan te bou.

Sy was al as musiekregisseur, komponis en dirigent betrokke by produksies soos Marthinus Basson se *Cabaret* en Christiaan Olwagen se *Vagina dentata*.

Maar verlede jaar was dit háár naam wat in ligte geskryf is. Sy is benoem as beste solokunstenaar by die Woordfees. Vir haar, tot dusver, ’n hoogtepunt in haar loopbaan.

Maar nou is die truuk om die pas vol te hou.

“Met die tempo waarteen werk soms geproduseer moet word, is daar nie veel tyd vir sit en wag vir inspirasie nie. Marthinus [Basson] sê altyd: ‘Gaan sit op jou bas en begin net te skryf.’

“Ek vind tog daar is meer in ’n mens as waarvan jy bewus is. Gebeurtenisse raak jou dieper as wat jy weet, en sodra jy die pen neersit, kom dit uit.”

Grethe probeer ook haar eie kop, en oor, volg.

“Ek is nie regtig die fan club-tipe nie. My agtergrond is ook maar meestal klassiek, so as van daardie komponiste nog geleef het, was dit seker ’n ander saak. Maar tog, sonder dat ek dit seker gesoek het, was daar mense soos Marthinus Basson, Tori Amos en Joni Mitchell wat beslis die rigtings vir jou aanwys.”

Grethe glo daarin om eerlik te wees met jouself wanneer jy musiek maak.

“Bly getrou aan daai stem binne jou. Dis gewoonlik reg.”

– **Naudé van der Merwe**

Flik – en brand gou jou griewe

“In hierdie tyd van rass spanning wil ons alle lede van die publiek uitnooi om hul onverwerkte griewe neer te pen en dit in die feniks se maag te gooi. Daarna gaan ons dit in vlamme laat opgaan.”

Só sê Ronel Geldenhuys, stigter en direkteur van die LivingIt Ubuntu-flikfees. Die feniks, wat tans in die Plataan-kafee staan, is spesiaal deur Liezel Stoffberg en Déderik Ruben Lourens gemaak om tydens die filmfees vir ’n baie simboliese skouspel te sorg.

Vanjaar is die vyfde jaar wat die Ubuntu-fees as deel van die Woordfees by Oude Libertas aangebied word. Volgens Geldenhuys het hulle 26 kortfilm-inskrywings van jong amateurrolprentmakers tussen 16 en 33 ontvang.

“Die temas van die rolprente is so breed soos die aarde self – van ekologie en vigs, tot boelies en vooroordele word aangeraak,” het sy gesê.

Sestien van hierdie rolprente sal Sondag van 15:00 af by Oude Libertas vertoon word, terwyl daar ook geleentheid sal wees om kos by stalletjies te koop en piekniek te hou. Die program is ook propvol aktiwiteite soos origami-klasse en hoela-hoep-lesse en daar is selfs kompetisies met lekker pryse op die spel.

Beoordelaars van die Universiteit van Kaapstad, City Varsity en die Cape Winelands-flikfees sal Sondagaand die vyf beste kortfilms aanwys en elkeen van dié groepe sal met ’n kontantprys van R6 000 beloon word.

Feesgangers kan deur die loop van die aand hul griewe in die draadfeniks met ’n vlerkspan van drie meter plaas. Die aand sal op ’n hoogtepunt met ’n vuurseremonie en vuurdansers eindig, wanneer die feniks aan die brand gestee word. – **Lynné Schoeman**

Barok-tragedie sal oud en jonk ontroer



Willem Bester en Lente Louw in Dido & Aeneas van Henry Purcell. Dié opera in Engels se debuut op die Woordfees is op 11 Maart om 18:00 en 13 Maart om 17:30 in die Fismer. Ook met Elsabé Richter, Nick de Jager en die Cape Consort. FOTO: DEWET VAN ROOYEN

Gerber se spel maak konsert ’n belewenis

Schubert Soiree. kykNET Fismer. Die konsert was op 7 Maart.

Drie stewige Schubert-werke is vir hierdie konsert gekies, en ’n hele aantal musici is betrek.

“Der Hirt auf dem Felsen”, D.965 (Skaapwagter op die rots) is ’n lang lied waarin die sopraan deur klavier en klarinet begelei word. Laasgenoemde en die stem tree as’t ware in gesprek.

Ben Schoeman (klavier) en Mari du Toit (klarinete) het Lauren Dasappa (sopraan) begelei in ’n heel skaflike uitvoering van hierdie werk.

Die hoogtepunt van die aand was myns insiens Schubert se Sonate vir Arpeggione en Klavier in A mineur, D.821. Die arpeggione was ’n vroeë 19de-eeuse instrument wat soos ’n kitaar gelyk en ses snare gehad het.

Vir die konsert is die tjello ingespan en uitstekend bespeel deur Anzél Gerber met Schoeman agter die klavier.

Gerber speel hierdie werk, waarvan die stemming wissel van opgeruimd tot innig, met soveel oorgawe dat ’n mens heeltemal deur haar instrument se klank omgeef word. Elk van die drie bewegings was ’n belewenis.

Schoeman se spel was sensitief en uitdrukkingsvol. Dié twee speel gereeld saam (soos ook in ’n konsert oor die afgelope naweek hier op die Woordfees) en as jy na hulle luister, is dit duidelik dat hulle mekaar se musikaliteit ten beste verstaan.

Laastens op die program was die Strykkwintet in C majeur, D.956, wat die gewone strykkwartet-besetting het, maar met ’n ekstra tjello.

Die Amici-strykkwartet – bestaande uit Suzanne Martens en Janna Khweis Thomas (viole), Karin Gaertner (altviool) en Peter Martens (tjello) – het saam met die tjellis Marian Lewin dié werk uitgevoer.

Hul samespel in hierdie uiters moeilike musiekstuk was onberispelik. Die laaste beweging (allegretto) was veral indrukwekkend. – **Wayne Muller**

Dié waansinnige vroue help gehore bou



Die sopraan Magdalene Minnaar raak behoorlik mal op die Woordfees. Wayne Muller vra haar uit oor Waansin.

Magdalene Minnaar in aksie op die verhoog. FOTO: CUE

Reeds van kleins af dink die koloratuursopraan Magdalene Minnaar buite die boks. So dis geen wonder dat sy ’n sanguitvoering in ’n teatrale belewenis kan omskep nie. En dan praat ’n mens nie eens van haar konsep van konserte in stikdonkerte nie.

Dié vindingryke kunstenaar wat Biblioteek Produksies begin het, wil mense wat “allergies” is vir opera oorreed dat hulle tog mal is oor dié kunsvorm. Dis juis ’n “mal”-uitvoering wat Minnaar vanjaar op die Woordfees aanbied.

Waansin, wat Woensdag en Vrydag op die planke is, bestaan uit waansin-arias, hoofsaaklik uit die bel canto-era (19de eeu). Die regisseur, Jaco Bouwer, het vir elk van die arias ’n toneel geskep, en daarby tree ’n trio instrumentaliste en ’n danser ook op.

“Die konsep van ’n mosaïek-aanbieding van waansinstonele kom al ’n hele ruk aan,” vertel Minnaar.

“Ek het in 2011 die rol van Lucia (in Donizetti se *Lucia di Lammermoor*) vir Kaapstad Opera aangeleer as understudy. Omdat die karakter my so ongelooflik gefassineer het, wou ek graag na ander karakters op die afgrond van

waansin kyk. Jaco het dadelik van die idee gehou, en so het *Waansin* begin.”

As sangstudent van die sopraan Nellie du Toit het Minnaar geleer dat bel canto die boublokke van goeie sang is.

“Nellie het altyd haar studente aangemoedig om eers hierdie styl onder die knie te kry en dan eers later in jou loopbaan verismo-operas aan te pak. Ek dink ook die bel canto-repertorium pas my stem eenvoudig baie goed,” sê Minnaar.

In *Waansin* kry sy kans om verskeie karakters te speel – van ’n bruid wat pas haar bruidegom vermoor het (Lucia) tot ’n slaapwandelaar (Amina in Bellini se *La Sonnambula*).

Maar vir haar staan twee karakters uit om verskillende redes: “Vir musiek, definitief Lucia – sy is ongelooflik kompleks en Donizetti kry dit reg om dit absoluut akkuraat in die musiek te weergee. En in ons produksie, Braam du Toit se Vicky – ek dans en pointe terwyl ek sing; by verre die grootste verhoog-uitdaging van my lewe!”

Boonop deel sy die verhoog met ’n danser, Martin van Heerden. Ina Wichterich het die choreografie geskep, en Van Heerden beeld die manlike opera-

karakters uit wat teenoor die “mal” vroue staan, maar soms ook die vroulike karakters se alter-ego.

Waansin pas Minnaar se temperament, want, soos sy sê, is sy nie juis lief vir “staan en sing” nie.

“My groot passie is om nuwe werke vir teater te skep, en om klassieke musiek op ’n ander manier aan te bied. Ek glo dit bou gehore vir die toekoms en bied mense wat ‘allergies’ is vir opera ’n ander dimensie of ervaring.”

Soos baie van Biblioteek Produksies se skeppings, verskuif *Waansin* ook die grense van wat ons verwag van ’n musiekuitvoering. Dit, meen Minnaar, is juis wat gehore bou.

“Die meeste van ons gehore vir *Waansin* (sedert 2013) is jong mense wat nog nooit ’n opera gesien het nie, asook teaterliefhebbers. Dis vir my goeie nuus as ons gehore kan ‘kombineer’ om selfs meer mense aan klassieke musiek bloot te stel. Ek dink ons as Biblioteek Produksies is besig om ongelooflike werk te doen om nuwe gehore te skep en om klassieke musiek meer toeganklik te maak, sonder om gehalte in te boet.

“Maar ek dink daar is tog nog ’n plek vir konvensionele konsertsaal-aanbiedings,” sê Minnaar.



MEDICLINIC

STELLENBOSCH

DEEL VAN DIE

POLSSLAG VAN

STELLENBOSCH

MET DIE VOORSTE TEGNOLOGIE EN ONS GESPECIALISEERDE NOODSPAN IS MEDICLINIC STELLENBOSCH GEREED OM JOU BY TE STAAN TYDENS ENIGE MEDIESE NOODGEVAL.

GENIET DIE US WOORDFEES.

24-UUR NOODNOMMER
021 861 2094

KUNDIGHEID WAT JY KAN VERTROU.

SUID-AFRIKA • SWITZERLAND • VAE • NAMIBIË
www.mediclinic.co.za

Resensie

My briljante egskeiding. Hoërskool Stellenbosch. Vandag om 20:30 en 11 Maart om 20:30.

Anthea Thompson moes gewis vlinders in haar maag gehad het. In *My briljante egskeiding* is sy bykans twee uur lank alleen op die verhoog – dis nou as jy die hond, Julius, buite rekening laat – en sy het geweet die Iers-gebore skrywer van *My brilliant divorce*, Geraldine Aron, het spesiaal van Londen gereis om die openingsaand van die Afrikaanse weergawe van haar bekende toneelstuk hier op Stellenbosch by te woon. Sy het selfs 'n paar van haar Engelse vriende saamgebring.

Op 'n vraag ná afloop van die stuk oor hoeveel van regisseur Hennie van Greunen se knap Afrikaanse verwerking Aron verstaan het, antwoord sy verrassend genoeg: "Quite a bit!" Dis waarskynlik daaraan te danke dat sy van 1967 tot 1986 in Kaapstad gewoon het waar sy haar eerste sukses as dramaturg gesmaak het met *Bar and Ger*, wat in 1975 by die Space-teater opgevoer is met Yvonne Bryceland en Wilson Dunster in die hoofrolle. Sy keer in 1987 permanent terug na die Verenigde Koninkryk, maar besoek nog gereeld die Moederstad.

In *my briljante egskeiding* verplaas Van Greunen die gebeure na Stellenbosch, waar die hoofkarakter, Engela van Tonder-Strydom, haar midde-in haar middeljare skielik sonder haar man, Manie ofwel Partyfrikkadel, bevind. Boonop moet sy by haar dogter, Vanessa, hoor almal was bewus van sy verhouding met Rosa, 'n Argentynse vrou wat hy op 'n sakereis ontmoet het, behalwe sy wat Engela is. Vanessa kondig terselfdertyd aan dat sy gaan intrek by haar kêrel, 'n Afrikaanse punk-rocker genaamd Willem Weeluis, en skielik is Engela die



Anthea Thompson is werklik nommerpas vir die rol. FOTO: DONOVAN RUITERS

Anthea en Henniese briljante huwelik

eerste keer in dekades stoksiel alleen.

Wat dan volg, is 'n komiese dog allesbehalwe oppervlakkige relaas van Engela se reis deur die woesteny van eensaamheid wat haar voorland is. Haar aanvanklike vreugde om van haar man en sy irriterende gewoontes ontslae te wees, skakel spoedig om in maniere om die eensaamheid te besweer – heelwat daarvan skreeusnaaks en selfs buitensporig. Sy boer by die dokter oor allerhande gewaande dodelike siektes of maak lang onnodige, oproepe na die selfmoord-hulplyn. Sy leer met moeite om alleen te gaan flik, vakansie te hou en Kersfees te vier.

“Alledaagse mense kan hulself met die teks vereenselwig.

Jy as gehoorlid wonder soms tussen die lagbuie deur hoeveel vernederings sy nog gaan verduur voordat sy die finale egskeidingsdokumente sal teken. Selfs wanneer jy dink sy het breekpunt bereik, is daar weer 'n kinkel in die verhaal. En deur alles is haar

getroue brakkie aan haar sy. Om meer oor Julius te sê, sal die pret bederf.

As akteur is Thompson bekend vir haar geloofwaardigheid, fyn intuïsie en deurdagtheid. Sy kan selfs spog dat sy al Evita Péron in die musiekblyspel *Evita* vertolk het, asook Sally Bowles in Marthinus Basson se produksie van *Cabaret*. Daarvoor is sy met 'n Fleur du Cap-toekenning bekroon. Sy het ook al drie ander Fleur du Cap- pryse ontvang en is vanjaar weer benoem as beste vroulike bispeler.

Haar jare lange ervaring blyk uit die gemaklike en oortuigende manier waarmee sy met die teks omgaan en dit aan die gehoor oor-

dra, haar nuansering en tydsberekening. Sy is werklik nommerpas in dié rol. Dit word beaam deur een van Aron se vriende wat later nader gestaan het. Sy verseker Thompson dat hoewel sy al 'n hele paar akteurs dié rol sien speel het, Thompson verreweg die beste was. En dié vrou het nie eens 'n woord verstaan van wat gesê is nie!

Die stelinkleding is treffend en speels. Verligte voëlkoutjies hang op verskillende hoogtes die hele verhoog vol. Die deurtjies is oop en rekwisiete daarin geplaas. Dit gee aan Thompson kans om die hele verhoogruimte te benut. Daar word ook sterk gesteun op klank om die stemme van die ander karakters te verskaf. Hier verdien Marion Holm vermelding wat vernuftig sowat vier verskillende vroue se stemme doen en haar eie kenmerkende stem algeheel verbloem.

Van Greunen het al by geleentheid gesê vir hom is die belangrikste aspek van 'n toneeltek die emosie wat dit moet ontlok. Die toneelstukke wat hy kies om te doen, word inderdaad altyd gekenmerk deur hul groot hart. Dit verbaas jou dus nie dat hy dié teks gekies het nie. Aron verduidelik dat sy meen die wêreldwye sukses van *My briljante egskeiding* – dit is al in 39 lande opgevoer – lê juis daarin dat alledaagse mense hulle daarmee kan vereenselwig.

En vreemd genoeg, hoewel dit mag klink of dit hoofsaaklik op vroue gemik is, was dit opmerklik met die openingsaand hier dat die mans in die gehoor met net soveel oorgawe in Engela se ervarings gedeel het.

Om uit te vind of Engela enigins van haar oorlogswonde herstel, gaan maak gerus 'n draai by *My briljante egskeiding*. 'n Mens weet nooit wat vir jou voorlê nie en lekker lag is boonop terapeuties. – **Marina Griebenow**

ARTSCAPE SPIRITUAL FESTIVAL
Healing Self, Healing Society

Artscape Theatre is set to present the much awaited Spiritual Festival at the Artscape Theatre and Arena from 11 March – 2 April 2016.

Premiered in 2015, Artscape Spiritual Festival is a platform that theatre practitioners and directors are able to tell their personal narratives and collective memories through spiritual and religious interpretations. It allows an interaction between artists and audience through music, dance, poetry, monologues, storytelling, live arts and site specific installations. Various productions present excellent performances expressing influences of their religious spirituality bringing audience closer to understanding our spiritual diversity and religious practices.

ARTSCAPE SPIRITUAL FESTIVAL PRESENTS A DOUBLE BILL: MBUZENI THE GIRLS DIRECTED BY KLEIN POPP ARTSCAPE ARENA 11-21 MARCH	ARTSCAPE SPIRITUAL FESTIVAL PRESENTS A BROKEN WING BY NTENZI SIBEDE & MABONGENI THUSI & THE GAN HEALING SELF - HEALING SOCIETY FEATURING THE AWARD WINNING MPTILIBENI MABONGENI 23 MARCH 2016 7:30 PM	ARTSCAPE SPIRITUAL FESTIVAL PRESENTS PALEHO HEALING SELF - HEALING SOCIETY ARSCAPE ARENA 29&30 MARCH 2016
ARTSCAPE SPIRITUAL FESTIVAL PRESENTS AROUND THE FIRE HEALING SELF - HEALING SOCIETY ARTSCAPE THEATRE 31 MARCH, 8PM	ARTSCAPE SPIRITUAL FESTIVAL PRESENTS DIE WOORDE/AMAZWI HEALING SELF - HEALING SOCIETY ARTSCAPE ARENA 2 APRIL 2016	ARTSCAPE SPIRITUAL FESTIVAL PRESENTS CHUMANI NGOJO & NU PRAIZE CD / DVD RECORDING ARTSCAPE THEATRE SAT, 2 APRIL 2016 19:00PM - 21:00PM, ADMISSION R150 & R200 (VIP)

Computericket
D F Melan Street, Foreshore, Cape Town
Purchase tickets online or via Artscape's
Dial-A-Seal on 021 421 7695 or at Computericket.

www.artscape.co.za
@ArtscapeTheatre ArtscapeTheatre ArtscapeTheatreCpt

LANZERAC
HOTEL & SPA
Est. 1692 Since
★★★★★

LANZERAC IS N TROTSE BORG VAN DIE US WOORDFEES 2016

➡ ✕ ➡

DIE LANZERAC DELI IS 'N DEELNEMER AAN DIE HAP 'N KEBAB KOMPETISIE - MAAK SEKER JULLE KRY 'N KANS ONS DIT TE PROE ON DIE PLAAS BY DIE LANZERAC DELI TYDENS DIE WOORDFEES.

DIE LANZERAC DELI BIED OOK HEERLIKE EETGOED BY DIE HOFMEYRSAAL VANAF 11-12 MAART WAT NIE MISGELOOP MOET WORD NIE.

EKSLUSIEWE LANZERAC WYNVERKOPE BY COETZENBURG, HOFMEYRSAAL, STADSAL EN DIE KHAYA.

‘Om stories en mense te vier’

Die dramaturg en regisseur Hennie van Greunen is ná ’n feesblaaskans van bykans ’n jaar terug met ’n nuwe stuk. Hy praat met **Ilza Roggeband** oor feeste, en Shakespeare wat moet rap ...

Jy was verlede jaar glad nie met nuwe stukke by enige van die feeste nie. Hoekom het jy so besluit?

Dit was die jaar van my 50ste verjaardag en ek wou reis en lees en ’n paar dinge uitfigure. Wat ’n bonus is, is dat mens dan agterkom dat die feeste nie die enigste werkgever is nie. Die vaardighede wat mens het, is net so waardevol in die korporatiewe mark. Ons het toekenningsteater, opleidingsteater, kinderteater en vermaaksteater beproef. (Ek was natuurlik laasjaar by die Woordfees om *Rondomskrik* se siklus klaar te maak.)

My briljante egskeiding, jou Afrikaanse vertaling van Geraldine Aron se *My brilliant divorce*, maak sy debuut by die Woordfees. Waar het jy aan die stuk gekom?

Ek sit al lank met die teks, maar dit was weereens die soeke na die regte aktrise. Nie ’n komediant of skerpsetser nie, maar ’n aktrise wat Engela vlees kan maak in al haar skandes, geite en waarhede. Ek moes ook natuurlik die regte vasmaak.

Hoe het jy op Anthea Thompson, wat die rol van Engela speel, besluit?

Ek en Anthea het saamgewerk op *Die monster in die gang* en *Green man flashing*. Sy is sonder twyfel een van die mees geankerde akteurs van haar generasie. Nie net is ek ’n bewonderaar nie, maar ek en sy kliek ook baie goed op persoonlike vlak. Dis só belangrik dat regisseur en speler die teks

saam raaklees en met Anthea is dit ’n byna outomatiese proses. Dit help ook dat die dramaturg Geraldine Aron in my eerste ontmoeting met haar van die idee gehou het van Anthea as Engela.

Wie sal *My briljante egskeiding* geniet?

Enigiemand wat al ooit in ’n verhouding was wat nie gehou het nie. Ek dink dit sluit drie mense op die planeet uit ... Ek sê gereeld dat elke individuele lewe ’n epiese gedig is en hier het ons die gewone vrou wat in haar kop gelukkig getroud is en dan binne agt minute uitvind sy is al een in die huwelik wat so dink.

Wat is moeiliker om te regisseer: drama of komedie?

Albei is ontsettend spesifiek. Een sekonde te veel of te min, een verkeerde frasering en daardie oomblik (hartseer, woede, gaggel, roerend) is weg. Die twee is natuurlik ook twee kante van dieselfde munstuk. Wat *My briljante egskeiding* so in my klaar laat pas, is dat dit soos die lewe is. Nooit nét snaaks of nét treurig nie, maar ’n duisend skakerings tussenin.

So, om agter in ’n donker teater te staan, die eerste klank cues te hoor, die flikker van lig te sien opkom, is my gunsteling-oomblik van enige dag. Dan maak dit nie saak of dit komedie of drama is nie. Vir daardie uur of twee voel jy soos ’n dirigent wat die hele gehoor op reis neem. Dit is ’n gevoel wat ’n mens net in die teater kry.



Anthea Thompson. FOTO: DONOVAN RUITERS

Hoe sien jy die toekoms van kunstefeeste?

Anders. Anders as nou, anders as wat dit die afgelope 20 jaar was. Die gewone man op straat kan nie meer noodwendig bekostig om na die groot feeste te kom nie. Maar hulle wil steeds teater sien, so dit maak vir my sin om omgewingstoere te orkestreer waar ’n toneelstuk met ’n bewese aanhang vir ’n paar weke toer na al die stadsteaters waar daar tans net skoolkonserter, matriekafskeidmodeparades en vergaderings gehou word.

Vat dus teater terug na die volk, maak die gemeenskappe deel van



Hennie van Greunen

die proses. Skoietoere. Ek onthou hoe die destydse skoietoere ons verbluf, betower en geleer het. Sou die land se finansies wonderbaarlik regkom, mag mense weer verlof vat en na die groot streeksfeeste gaan, maar nie tans nie.

Maak ook seker dat jy inklusief te werk gaan. Afrikaans is altyd vir my eerste Suid-Afrikaans. Maak die taal onontbeerlik vir sy ander nege inheemse broers en susters.

Wat maak die Woordfees uniek?

Genugtig, maar die program is massief! Natuurlik die fokus op die woord, op gedigte, boeke, skrywers, diskoers. Daar is klein spatseltjies daarvan op die ander feeste, maar hier is dit die hart.

En as jy die woord vier, kan jy nie anders as om die stories te vier nie, en as jy die stories vier, kan jy nie anders as om mense te vier nie, en as jy die mense vier, dan pleeg jy nasiebou.

Ek sê nie die Woordfees is reeds by die ideaal nie, maar dit raak elke jaar meer haalbaar. Natuurlik

ook Stellenbosch. Net die idee dat jy kan opstaan en ’n bietjie kuns kan gaan kyk, goeie kos kan eet, lekker musiek luister, teater onder die sterre kan kyk en dan die wyn, o die Stellenbosse wyn.

As jy een klassieke toneelstuk kan opvoer met die rolverdeling van jou keuse, wie en wat sal dit wees?

Othello. Multilingual, maar met Afrikaans in Othello se mond. Dele daarvan ge-rap. Shakespeare is gemaak vir rap. Met ’n ras-omgekeerde rolverdeling. Gesetel nou, in Suid-Afrika, in die regerende party. Te veel spelers om van te kies.

Behalwe vir jou eie werk, is daar enige ander stukke wat jy by die Woordfees wil gaan kyk?

Te veel. *A Doll's House*, *Amper*, *Vrystaat*, *Die dag is bros*, *Die gangsters*, *Hond se gedagte*, *In ongenade*, *Rooivalk*, *Sosken*, *Tobacco and the harmful effects thereof*. Dan een of meer van die Inzync-programme. Die bekendstelling van Ronelda Kamfer se nuwe bundel. Baie kuns gaan kyk. Wat ek al gesien het en sal aanbeveel, is onder andere *Piet se optelgoed* en *Hemelruim*.

Wat is jou oorlewingstegnieke by kunstefeeste?

Die Woordfees is redelik hanteerbaar en wanneer *My briljante egskeiding* oop is, is dinge rustiger. Ek probeer om nie te veel vertonings in een dag inforseer nie. ’n Mens moet tyd maak vir spys. En wyn. En gesels.

ONTDEK 'n NUWE Wêreld

saam met die ATKV

BY VANJAAR SE US WOORDFEES!

ATKV-BOEK-WINKEL

Ons omvangryke boekwinkel* is terug met 'n fees van boeke vir boekliefhebbers van alle ouderdomme. Kom ontmoet u gunstelingskrywers en kuier saam rondom boeke in die hartjie van die Woordfees.

Agter die US Museum

ATKV-BOEKTENT

Kom loer daaglik vanaf 11:00 tot 14:00 in by ons ATKV-kontakpunt langs die ATKV-Boektent om meer uit te vind oor die ATKV, Vriende van Afrikaans, ons kultuur- en erfenisprojekte, spesiale ATKV-Goudini Spa fees-aanbiedings, 'n Taalgenoot-intekenpromosie, Negester en talle meer. **ATKV - ontdek 'n nuwe wêreld!**

VANDAG, 9 MAART SE PROGRAM IN DIE ATKV-BOEKTENT:

10:30 - 11:30	Jackie Grobler: Oorlog-Beeld
12:00 - 13:00	Bly of gly? Oor emigrasie na binne of na ver
14:00 - 15:00	Yolande Korkie: 558 Dae in Yemen
15:30 - 16:30	Etiese mediese navorsing in Afrika?
17:00 - 18:00	Johan Degenaar huldigingsgesprek

@ATKVSAA TKVSA

#ONTDEKAFRIKAANS

Deel die wyses waarop jy nuwe wêreld in Afrikaans ervaar en staan 'n kans om 'n jaar se Taalgenoot leesgenot te wen. Plak jou foto-ervarings op ons Facebook-muur of deel dit via twitter met die hutsmerk #OntdekAfrikaans

www.atkv.org.za

ATKV

*Wenners op elke platform sal daaglik via sosiale media in kennis gestel word. Pryse moet tydens die fees by die ATKV-Boekwinkel betaalpunt afgehaal word. Bewys van identiteit noodsaaklik.

Leefstyl

Antie Koelie en Flori bring almal tesame

Kook saam Kaaps. Die Khaya. Dit was gister om 14:00.

Dis 'n slegte, slegte idee om op 'n vol maag na 'n kosdemonstrasie te gaan. Veral as die kos op die tafel huis-kos, hartkos is uit die geheue van twee vroue van die Kaapse Vlakte wat kook soos hul ma's en oumas hulle leer kook het.

Koelsoem Kamalie en Flori Schrikker het gister hul boek *Kook saam Kaaps* somer so tussen die kosmaak oopgepraat tydens die Woordfees op Stellenbosch. Dit sê baie oor hul vaardighede, want die twee het skilferkorsdeeg gemaak – daai tricky ding wat al ou hande in die kombuis tot nederigheid gedwing het. Want soos antie Koelsoem se: “Dié puff pastry is soos 'n babatjie – handle with care.”

Dié twee tannies van die Kaapse Vlakte het bekend geword op Amore Bekker se program, *Tjailatyd* op RSG waar hulle hul resepte deel, en net 'n maand gelede het Lapa dié resepte in boekvorm uitgegee.

“Daar's niks lekkerder as Kaapse kos nie,” vertel antie Flori “en bruin mense kén van kosmaak.”

Sy glimlag so na haar vriendin. “Sy is van die Bonteheuwel, en ek is van die Upper Bonteheuwel,” spot sy. “Maar 'n pot kos bring vrede – daar is nie tyd vir politiek nie.”

Ook nie plek vir godsdienstver-skillen nie, kom mens gou agter.

“Sy is my Chris(-ten) vriendin en ek is haar Moslem-vriendin. Só kom ons al heeltyd aan.” Albei het by hul ma's en oumas geleer kook.

“Ek het in Brooklyn grootge-word en moes in die middag begin kosmaak terwyl my ma by die werk was. Oe, die oudste kinder kry mos swaar, want hulle moet



Koelsoem Kamalie het Kook saam Kaaps somer so tussen die kosmaak oopgepraat.



Flori Schrikker en antie Koelsoem het hul vingers afgewerk vir die boek. FOTO'S: NATALIE GABRIELS

regstaan as die ouers gewerk het in daai tyd,” vertel antie Flori.

“Maar nou is jy mos maar kind en dan speel jy lekker buite en vergeet van die rys op die plaat. Of jy is haastig dan spoel en steam jy nie die reg reg nie.

“Maar my ma het onmiddellik geweet as ek shortcut gevat het, dan sê sy die rys is nog pure styl. En toe leer my ouma my om melk by die rys te gooi wanneer dit aangebrand het, maar ek kon nooit

my ma fool nie.” Antie Koelsoem het hiervoor raad: “As rys of breyani aanbrand, gooi net sout op die pot se deksel – dit trek daai brandsmaak heeltemal uit.”

Albei van hulle het vier kinders. “Ek het 'n tweeling, so die Here het vir my een pasella gegee,” lag antie Flori terwyl sy die deeg be-hendig sny.

“Ons kinders en kleinkinders is baie trots op ons boek. Ek dink

nou aan hoe ons ma's sal gevoel het as hulle vandag die ding kan gesien het. Ek dink dit sal hulle so happy gemaak het dat hulle legacy nou nogals in 'n boek is!

“Ek en antie Koelie het ons vingers afgewerk met dié boek. Ek weet nie hoekom noem ek haar an-tie nie want ons is een ouderdom,” onderbreek sy haarself met 'n lag diep uit die maag. “Maar dis maar hoe ons respekte het vir mekaar.”

Dis die einste antie Flori wie se

ouma 21 kinders gehad het – drie stelle tweelinge en 'n drieling in-khuis – wat haar geleer het van hoe om “baie van min” te maak as dit by kos kom.

“Daar was nie TV in daai tyd nie,” lag sy.

“Hulle het elke aand by die lan-ge, lange tafel gesit en saam geëet, en almal moes leer om aartappel en uie en ander groente te skil.”

Antie Koelsoem onthou hoe haar ma altyd genoeg gekook het sodat sy vir ander ook kan uitdeel, en hoe dit in hul generasie dieself-de is.

“Mens moet 'n hart het vir an-der mense,” stel sy dit eenvoudig.

Antie Flori se gunsteling bly skaapkop “maar dit moet reg skoongemaak word”.

Dit het die aanbieder Marte-lize Brink hardop laat erken dat dit iets is wat sy nou nooit sal eet nie. Maar dit het antie Flori nou glad nie afgesit nie: “Maar soos ek hom maak, sal jy hom eet. As daai skaap(-oog) jou so kyk, sal jy nie kan anders nie!”

En toe is dit tyd vir barakat (Arabies vir seëninge) en vir Mos-lems die term vir eetgoed wat vir gaste saamgegee word. Die gaste het nie op hulle laat wag nie, en gou-gou was die koesisters, groen-tebroodjies in 'n blikkie gebak, die chicken squares en ander eetgoed net krummels op die bord.

Maar die gaste is weg met 'n barakat van 'n ander aard: soos hoe om speserye te meng, hoe om kinders groente te laat eet, hoekom barbeque spice beter as visspeserye op vis werk, hoe om kos bruin te maak, hoe suiker jou uit baie bak-en kookpenaries kan red.

“Ja, kos bring almal saam. As ons eet is daar nie tyd vir politiek nie,” groet die anties.

– Jo-Ann Floris

ONTDEK 'n NUWE Wêreld

saam met die ATKV

BY VANJAAR SE US WOORDFEES!

ATKV-BOEK-WINKEL

Ons omvangryke boekwinkel* is terug met 'n fees van boeke vir boekliefhebbers van alle ouderdomme. Kom ontmoet u gunstelskrywers en kuier saam rondom boeke in die hartjie van die Woordfees.

*Agter die US Museum

ATKV-BOEK TENT

Kom loer daaglik vanaf 11:00 tot 14:00 in by ons ATKV-kontakpunt langs die ATKV-Boektent om meer uit te vind oor die ATKV, Vriende van Afrikaans, ons kultuur- en erfenisprojekte, spesiale ATKV-Goudini Spa fees-aanbiedings, 'n Taalgenoot-intekenpromosie, Negester en talle meer. **ATKV - ontdek 'n nuwe wêreld!**

MÔRE, 10 MAART SE PROGRAM IN DIE ATKV-BOEK TENT:

09:00 - 10:00	Francis Visagie - Nanibees
10:30 - 11:30	Danny Fourie: Vir ewig en altyd saam
12:00 - 13:00	Kos vir kwale
14:00 - 15:00	Wat is vandag nog "bly" aan die "Blye Boodskap"?
15:30 - 16:30	Bettina Wyngaard: Slaafs
17:00 - 18:00	Ena Jansen: Soos familie

@ATKVSAA

ATKVSAA

#ONTDEKAFRIKAANS

Deel die wyses waarop jy nuwe wêreld in Afrikaans ervaar en staan 'n kans om 'n jaar se Taalgenoot leesgenot te wen. Plak jou foto-ervarings op ons Facebook-muur of deel dit via twitter met die hutsmerk #OntdekAfrikaans

www.atkv.org.za

ATKV

*Wenners op elke platform sal daaglik via sosiale media in kennis gestel word. Pryse moet tydens die fees by die ATKV-Boekwinkel betaalpunt afgehaal word. Bewys van identiteit noodsaaklik.

Biertoer sal jou na lang, koue een laat smag

Stellenbrau bierproe. Leefstyl. Stellenbrau. Dit was op 5 Maart om 16:00.

NBiernes van bedrywighede... Sô som 'n feesganger dit ten beste op wanneer Stephen de Jager van Stellenbrau nuuskieriges en dôrs mense deur die brouery se passies neem.

Hoewel De Jager, wat eintlik 'n ingenieur is, behoorlik kleitrap om sy tong om van die Afrikaanse terminologie van bierbrou te kry, is sy kennis van wat hier tussen die tenks aangaan, onberispelik.

Van watter gemoute gars van waar (in Duitsland) gekry word, hoe dit deur die meul net presies gekneus moet word ("n fyn kuns"), dan "mash tun" toe, koperketel en hops, fermentasietenks, filtrasie, noem maar op... En as jy nie voor die tyd dors was nie, gaan dié toer jou behoorlik na 'n lang, koue een laat verlang.

Die konsep, en dit 'n eerste vir die Woordfees, was dat mense saam met 'n bekende skrywer, Rudie van Rensburg in dié geval, aan 'n biertoer- en paring (bier en kos) deelneem. Van Rensburg is natuurlik bekend om sy romans soos *Judaskus* en *Kopskoot*.

Om 'n gepakte, lang tafel voor die brouery, het die stil, lang man met die grys baard effens verleë opgestaan. "Wat weet ek van bierbrou af?" het hy onderlangs my kant toe gemompel.

Maar toe vonkel dié skepper van kapt. Kassie Kasselman se oë behoorlik toe hy sê: "As misdad-fiksie-skrywer het ek die potensiaal gesien in die fermentasietenks. Tja, stel jouself voor, 'n lyk in een van daai tenks. 'n Week later..."



Jo Prins ruik die gemoute gars wat uit Duitsland ingevoer word. Regs is Stephen de Jager aan die woord. FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT

En dit is juis dié storie-element wat vir Deon Engelbrecht, eienaar en hoofman oor honderd by Stellenbrau, belangrik is. Vir Engelbrecht, oorspronklik van Potchefstroom, is daar gesê "jy's

mal om in die wynland te probeer bier brou". Ook is vir hom gesê hy moenie laf wees om met 'n lager te eksperimenteer nie.

Soos ander Engelbrechts op die dorp, het dié ene gelukkig ook

besluit om hom nie aan die kritici te steur nie. Hy het wel baie mooi na Johann Rupert geluister toe dié gesê het Stellenbosch is 'n wêreldwye brand en dat plaaslike ondernemings goed sal doen – eintlik


'n verantwoordelikheid het – om dit verder te dra. Hy't Stellenbrau begin en so onder die neuse van verskeie dik brille en 'n bierreus Craven Craft Lager begin. Dié lager het 'n ander wêreldwye brand, dr. Danie Craven en sy hond, Bliksem, aan die bier gekoppel.

En toe, in 2014 in Berlyn by die Global Craft Beer Awards, loop dié nederige bier sommerso met 'n goue medalje weg. En skielik is dit nie net meer dorstige studente en Woordfeesgangers wat weet van Stellenbrau nie – die wêreld het geluister.

And when you're on to a good thing... Intussen is daar Alumni Ale, Jonkers Weiss en Governor's Red – almal interessante brourels met lekker stories. Laasgenoemde het sowaar niks minder nie as Rooibos in!

Dis dié stories wat ons drink. – Jo Prins





Luna Paige
Nick Turner
&
Hatchetman

Universiteit Stellenbosch
Woordfees

Laer as laag
6 Maart 12:30, 12 Maart 18:00 | 80min | R130 | R150 by die deur



Musikhaus
W.HEUER
Tel 021 887 2938 www.wheuer.co.za

Skrywers en boeke

'n Vlam van integriteit in dié sneeu

Vlam in die sneeu. Skrywersfees. ATKV-boektent. Die geleentheid was gister.

André P. Brink en Ingrid Jonker is literêre royalty. Dié twee se liefdesverhouding gryp steeds die verbeelding van bewonderaars aan – só dat daar gister nie plek vir 'n muis in die gepakte boektent was nie.

Skouer aan skouer het gewone sterflinge kom luister hoe op aarde Francis Galloway dit kon regkry om die briewe van dié geliefdes sinvol te verpak. En hoekom.

“Ek dink dit was seker omtrent nou presies 'n jaar gelede, by daai fonteintjie daar waar die boek verkoop word, toe Fourie (Botha) my vra: ‘Gaan jy help?’ En toe sê ek: ‘Jaaaa, maar ek is nie so seker of daai briewe gepubliseer moet word nie,’ het Galloway gesê.

Volgens haar was sy aanvanklik net bereid om as raadgewer vir die publikasie van *Vlam in die sneeu* op te tree.

“Maar toe op 7 April was daar by Penguin Random House, in die Oscar Wilde-kamer, 'n gesprek waar Karina (Szcurek) ingekom het en hierdie koeverte uitgehaal en op die tafel neergesit het.”

Sy vertel hoe Botha toe onmiddellik al die koppies koffie weggeskuif het om te keer dat iemand per ongeluk koffie daaroor uitstamp.

En hoe het Galloway gevoel toe sy dié briewe, dié intieme korrespondensie tussen Brink en Jonker, gesien het?

“Sy (Szcurek) het hulle uitgehaal en in stapeltjies neergesit en ek kon sien met hoeveel eerbied Karina die oorspronklike briewe van Ingrid, wat op blou deurskynende papier – ek dink 'n mens noem dit onion skin, dis soos blou vlinders – uithaal.

“Ek was só geraak deur die brose materialiteit van die briewe wat deur die jare hierdie mitiese bestaan gekry het, want hulle was mos nie regtig nie, hulle het mos



Francis Galloway en Karin Schimke gesels oor André P. Brink en Ingrid Jonker se liefdesbriewe. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT


nie regtig bestaan nie.”

Volgens Galloway het hulle daardie dag gepraat oor hoe 'n mens die briewe moet rangskik. Dan moet dit geskandeer word want die briewe kon nie met die hand hanteer word nie, en dan moet dit getranskribeer word.

“Maar deur wie?” het Galloway gesê-vra, “aan wie gee 'n mens die goed en jy weet dit is veilig en dit verdwyn nie?”

“Wat gaan met redigering gebeur? Van die begin af was daar die klem op die integriteit van die proses. Geen inmenging met die materiaal nie en dit moet veilig bewaar word.

“Ek het vir Fourie gesê: ‘Ek is baie jammer, dit gaan 'n baie dik boek wees, maar ons kan absoluut niks sny nie. Ons kan nie – dit gaan die narratief versteur, dit



gaan die integriteit van die briewe versteur...’

“Hierdie twee mense wat mekaar ontmoet het op 'n aand toe hulle 'n petisie geteken het teen

“**Ons kan niks sny nie. Dit gaan die briewe se integriteit versteur.**

die nuwe sensuurwet... hoe kan ek nou daar met my gekleurde penne sê: ‘Haal hierdie pers uit, of haal daardie groen uit (die glimpenne waarmee Galloway gewerk het)... dis alles of niks.’

Maar ook besonder interessant wat betref die vertaling na Engels van *Vlam in die sneeu* het die uitgewer gepas besluit om 'n manlike

stem vir Brink en 'n vroulike stem vir Jonker in te span.

Karin Schimke, die vertaler van die Jonker-tekste, wat ook op die verhoog was, het gesê Jonker het in die teks as 't ware “lyf gekry”.

“Mense het altyd die idee dat sy 'n slagoffer was op 'n manier. En dat sy op 'n manier gewag het om gered te word. En dit is glad nie die indruk waarmee ek weggekome het nie.

“Ek dink sy is 'n verskriklike heldin van haar eie lewe, eintlik. Sy het baie min gehad om mee te begin – allerhande goed het in haar pad gestaan. Sy wou graag geswot het en sy kon nie... Sy het hierdie ongelooflike besige brein gehad en hierdie enorme kreatiwiteit...”

En, eindelijk het Jonker se “korreltjie, korreltjie sand” 'n rots geword in dié land. – **Jo Prins**

WAT-GESPREKSREEKS

Die Engelsman drink hardloopsout en soek vinnig 'n Bloukoos

Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Banhoekweg 115. Sien ook: Uitdrukkings: kosbaar of argaies en dus irrelevant? Vandag om 11:00. Taal: verlede, hede en toekoms. 11 Maart om 11:00.

Wie onthou wat die woord pynpolisie beteken? Nee, dis nie die vorige regering se veiligheidstak nie, dis noodhulpmanne, veral by rugbywedstryde.

En bokverdriet? Dis onplesierige, dik mistige weer, iets wat ons nie die afgelope week in Stellenbosch gehad nie. Waar is hierdie woorde gehoor?

Die leksikograaf dr. Frikkie

Lombard van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* het vroeër hierdie week 'n heerlike en stuitige praatjie gelewer oor snaakse woorde, uitdrukkings en segswyses.

Hier is van die woorde en uitdrukkings wat hy gedeel het: Wat is die ander betekenis vir 'n Engelsman? Dis die skertsende benaming vir 'n spoggerige, windmakerige persoon: Ná die eerste ses of agt sopies het ek my lyf Engelsman en kalant gehou en voor lank was ek bereid om die hele Baai te trakteer (C.J. Langenhoven).

'n Engelsman wat na seewater ruik is iemand wat nog kort in die land is en nog vreemd en ontuis voel. In Namakwaland beteken

die woord fluks ook vet, geset, groot van gestalte, frisgebou: Hy is flukster gebou as sy broer. Het sy nie fluks teruggekome van die vakansie nie?

In daardie geweste praat hulle ook van klipskrik, wat 'n baie lelike persoon is: Oral kry 'n mens maar die klip-christene, die klip-onnoseles, en die werklik onuitspreeklik onaansienlikes, die klipskrikke. Verder kan iemand ook so lelik wees dat hulle rondomlelik is.

Wanneer dit by die weer kom, vertel Frikkie, het ons ook kosbare woorde. 'n Allemansbaadjie is die son, en 'n komloertjie is 'n buitjie reën wat slegs vir 'n kort rukkie op een plek uitsak. As jy in die ou dae

by jou ouma en oupa gaan kuier het, onthou jy seker die kamerpot (ook Koos). Dis nou 'n pot wat in 'n slaapkamer gehou word om snags in te water. Eufemisties was hierdie pot ook die Bloukoos, Koos met die een oor en Koos hand in die sy.

En as Koos ore kry, dink hy hy is 'n blompot? Dis wanneer 'n gewone of onbelangrike persoon sukses behaal of presteer, dan word so 'n persoon dikwels verwaand.

Vir die woord sitvlak is daar ook baie sinonieme. Kyk hier: agtermiddag, agterplaas, bakoond, kajuit, ouwerf, sitwange en tabernakel. Ook blaker, soos in: Ek sal jou op jou blaker skop dat jou kers

wip (gewoonlik vir 'n man!).

Soek jy hardloopsout? Dan soek jy mos Engelse sout (Epsom-sout). Dan is daar die suggestiewe uitdrukkings in Beaufort-Wes en Stellenbosch: My naam is komkommer, druk op my nommer, dan kom ek sommer – gesê van iemand wat lewendig, daadkragtig van aard is, wat gou op iets reageer. Die alternatief vir 'n draaitjie loop is om te gaan ketel uitspoel. Baie toepaslik vandag: Hy plant beet tussen sy beddings, hy gebruik telkens Engelse woorde wanneer hy Afrikaans praat.

Nou ja toe, wie't gesê dié taal is vaal? Van waar Gehasi?

– **Herman Lategan**

Man met die snor laat taal tril

Jack Parow: Die ou met die snor by die bar. HB Thom-foyer. Gister om 17:00.

Die ou met die snor by die bar loop skraps ná 17:15 by die HB Tom-foyer in. Hande in die lug verskonend-laai en op die rug van sy blou, Japanese inprint-baadjie, 'n puma. Nie 'n langpet in sig nie en hare kort agterom geskeer. Jarhead op sy kop gedraai. Met 'n pyl by die slape.

Eers hoor ons hy was in die verkeer vasgevang, toe dat hy op sy bike doenig was, en toe heelwat later dat daar 'n misverstand was: "Ek was lankal al hier, maar ek het gedink dit begin 17:45..."

Maar nie eers dié misverstand het die mense in die foyer, wat deur gespreksleier Herman Lategan se ad-lib vermaak was, van stryk gebring nie. Lategan het wyn gegooi en onverstoord voortgestoom...

Lategan het uit 'n resensie van Koos Kombuis voorgelees oor Parow se boek, *Die ou met die snor by die bar* (geskryf deur Theunis



Jack Parow en Herman Lategan is nie zef nie, my bra. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Engelbrecht): "Dit is so eerlik en onderhoudend geskryf dat ek later nie eers meer agtergekom het dat die teks deurspek is met Engelse leenwoorde en gekruide taal nie. "Soos Nathan Trantraal klink

Jack se Bellville-speak nooit geforseerd nie en ek besef al hoe meer ná die lees van hierdie boek dat dit dalk as 'n geldige dialek erken behoort te word."

En toe sê Zander Tyler, nadat

hy tot verhaal gekom het: "Dit was baie cool, dit moet ek sê. Dit was my eerste, like, review basically pretty much van die boek. En vir iemand soos Koos Kombuis om te sê dat dit een van die beste boeke



is wat hy al gelees het, was vir my mindblowing."

Maar à la Jan Rabie, wat Afrikaans beskryf het as die grootste nierassige prestasie in die land, sê dié Parow toe, wat in Europa en veral Nederland 'n huishoudelike naam is: "Afrikaans is almal se taal, dit behoort aan niemand nie."

En as ons Afrikaans kan red van die mense wat Afrikaans wil red, kan die ou met die snor by die bar dalk net sorg dat ons kinders se kinders nog weet wat "koester", "ongekunsteld" – maar moenie vergeet van "zef my bra!" nie – beteken. – **Jo Prins**

RANDALL WICOMB

Kleur is altyd 'n soeke na identiteit

Randall Wicomb: Kleur – my lewe, my lied. Skrywersfees. ATKV-boektent. Die geleentheid was gister om 15:30.

"Randall was 'n kaleidoskoopmens, die fasette van sy lewe was legio."

Só het Koba Wicomb, lewensmaat van die ontslapte Randall, gister voor 'n halfvol boektent gesê. Wicomb (66) is op 27 Desember in Stellenbosch oorlede ná 'n stryd teen prostaatkanker.

Maar Wicomb sou geglimlag het vir dié produksie waarin RSG-radioman, Johan Rademan, sy lof besing het, soms in 'n monoloog, en in gesprek met sy biograaf Amos van der Merwe.

"Vandag is ek trots om geassosieer te wees met 'n deel van die geskiedenis van Suid-Afrika wat 'n wrange smaak in die mond laat, waarvan Randall uiteindelik 'n simbool geword het," het Rademan gesê.

Maar soos die jare gevorder het, het Randall se storie verander.

"Verhoudings in sy lewe het verander, sy gesondheid het verander, en die politiek het verander. En van hierdie humoristiese, lighartige, oulike storie, het dit 'n storie geword van ons land," het Van der Merwe gesê.

"'n Storie van wie is ek, wie is my landsburgers, wie is die mense wat verby my in die straat loop. Wat is my identiteit en wat is hulle identiteit? En dit het *Kleur* geword."

Van der Merwe, wat ook al by biografieë van mense soos Eugène



Koba, Saskia, Kobá en Pierre-Henry bring met musiek hulde aan Randall Wicomb. FOTO: NATALIE GABRIELS

Terre'blanche en Wally Hayward betrokke was, het gesê vir hom as uroloog was dit 'n ervaring om "agter die mens" van die stories uit te kom.

"Dit was 'n voorreg om daai mens te sien en daai mens te ontmoet.

"Ek wou geweet het wat maak hom werk," het Van der Merwe met verwysing na die Terre'blanche-biografie gesê, "en lateraan Randall Wicomb".

"Twee totaal verskillende persone ten opsigte van politiek en kleur, ten opsigte van so baie

dinge. Maar albei mense wat gesoek het na hulle identiteit: Wie is ek, waar hoort ek."

Die voorreg om in daai mense se skoen te klim, het Van der Merwe gesê, en om regtig te begin om hul gedagtes te verstaan gaan oor konteks.

"Dis miskien die boodskap van *Kleur*, die boodskap van die boek: As jy die mens wat praat in konteks kan verstaan, dan mag jy van hom verskil, maar jy verstaan waarvandaan hy kom.

"Ek dink die storie van *Kleur* is konteks." – **Jo Prins**

DIE BOEKKLUB

almal het 'n storie...

🐦 @kyknettv #boekklub kyknet.tv



kykNET

Dinsdae 20:30

DSTV